Lückhoffstraat, Durbanville, 7550 | Posbus 43, Durbanville, 7551
Tel: 021-975-1125 **Faks:** 086-665-9546
E-pos: admin@dvprep.co.za | **Web:** www.dvprep.co.za

Voorbereidingskool
DURBANVILLE
Preparatory School

#Sterker SAAM #Stronger TOGETHER 2020

13 Oktober 2020

Geagte Ouers

Ons is baie opgewonde om ‘n wonderlike geleentheid wat die skool ontvang het met u te deel. Hierdie jaar is die skool beïnvloed deurdat ons geen fondsinsamelingprojekte kan hou nie, as gevolg van die Covid-19 pandemie.

Ons het egter nou ‘n wonderlike geleentheid gekry om die skool te help om fondse aan te vul en om aan ouers ‘n wegbreek geleentheid te bied**. Kouga View Jagplaas** (naby Uniondale) bied ‘n wegbreek vir ‘n langnaweek aan vir 6 tot 8 persone. Die bonus is egter dat die jag van ‘n buffel ter waarde van R40 000 - R50 000 ingesluit is in die prys! (Sien al die besonderhede aangeheg.)

Hierdie is ‘n vrywillige projek en ons plaas geen druk op enige ouer of leerder nie. Ons sal dit egter waardeer as u dit aan familie en vriende sal bekendmaak wat mag belangstel.

Baie dankie dat ons altyd op u ondersteuning kan staatmaak.

Vriendelike groete

Mnr Louis Andrag
Voorsitter: Beheerliggaam

Mev Adél Mostert
Skoolhoof

KOUGA VIEW JAGPLAAS

Langnaweek akkommodasie vir 'n familie/groep vriende van 6 tot 8 persone.

Die akkommodasie is onderhewig aan beskikbaarheid en moet buite piek tye gebruik word. Die plaas word egter nie tans gebruik nie so daar is redelik plek beskikbaar.

PLUS: Jag van 'n buffel – waarde R40 000 - R50 000

Prys sluit in:

- Hulp met reëlings op die naweek van die jag
- Voorsiening van werkers
- Hulp met laai van die karkas
- Slagwerk (As 'n trofee benodig word, kan dit so geslag word maar taksidermie werk sal vir die wenner se koste wees.)

Sou die wenner nie wil jag nie, kan die buffel se vleis ook net aan die wenner oorhandig word. (Optel van die vleis, maak van biltong en droë wors sal vir die wenner se sak wees.)

As die persoon self 'n wildsplaas het en graag die buffel lewendig wil hê, kan dit ook gereël word, maar vervoer en onkostes is vir die wenner se sak.

Die jag moet teen Desember 2020 afgehandel wees.

Aankoop van kaartjies:

- R500 per inskrywing
- Ouers van Durbanville Voorbereidingskool kan op die d6 Connect toepassing inbetaal – aangesien al u besonderhede aan ons bekend is.
- Buite persone/instansies:
  EFT betalings: Durbanville Voorbereidingskool

  ABSA Tjekrekening
  334-810
  Rek: 141 094 0074
  Verwysing: Buf+Van/Instansie se naam

  Bewys van betaling met kontakbesonderhede MOET ge-epos word na esther@dvprep.co.za om in aanmerking te kom vir die trekking.

- **Afsnydatum: Maandag 19 Oktober 2020 om 17h00**

Hiermee die webwerf van die jagplaas: https://kougaviewgamefarm.co.za/